

20 Julie

Skrifgedeelte: Sagaria 1 en 2
Fokusgedeelte: Sagaria 1:1–17

God is regverdig maar ook barmhartig

Dit is die jaar 520 voor Christus. Darius 1 is aan bewind van die magtige Persiese Ryk. Soos sy oom, koning Sirus (Kores) is hy Juda goedgesind en help hulle om die tempel te herbou.

Sagaria 1:1–6 is 'n inleiding en beklemtoon dat God regverdig is. Die Heilige duld nie sondes en ongeregtighede nie (vers 4; 7:9,10). Daarom is die volk nou al ongeveer 70 jaar in ballingskap. Ons moet die erns van die Here ken en eerbiedig.

Maar die Here is ook barmhartig. As ons ons in opregtheid tot Hom bekeer, vergewe Hy ons en bly Hy by ons met sy goedheid en seëninge (vers 3).

Sagaria word gestuur om die bekeerde ballinge te vertroos en te bemoedig. Die Here sal gou weer die goeie oor hulle laat aanbreek. Die agt naggestigte van Sagaria is agt boodskappe van troos en bemoediging (hfst 1–6).

Die eerste gesig sê: Al lyk alles staties is God besig om die lot van sy volk te verander. Die tweede gesig laat ons sien hoe maklik die Here heersers se mag (horings) kan vernietig. Die derde gesig openbaar 'n herboude Jerusalem onder die beskerming van God. Christus kom as Verlosser in sig, asook die nuwe Jerusalem.

Laat jou verhouding met God jou erns wees en ervaar sy seëninge.

Sing: Psalm 33:8,11

Dr NP Heystek (Wapadrant)